LOURENSRIVIER – FEESMARK
22 Oktober – 6 November 2021
Inligting - Terme en Voorwaardes

Liewe uitstaller

Baie welkom by Lourensrivier – Feesmark!

Ons **keuringskriteria** en voorwaardes wat nagekom moet word is:

☺ **ENTREPRENEURS met hul handgemaakte artikels sal die meeste aftrek geniet.**
☺ **Goeie kwaliteit is noodsaaklik.**
☺ **Billike pryse. Die Feesmark is hoofsaaklik gerig op die aankoop van kersgeskenke en duur items verkoop moeilik.**
☺ Daarom poog ons om 'n wye verskeidenheid van artikels aan te bied vir verkope.

Danksy die puik gehalte uitstallers wat deel was van ons Feesmark 2020 het ons 'n suksesvolle mark gehad en sal ons graag 2021 daarop wil voortbou.

Lourensrivier Gemeente tree bloot as agent op wat vrygestel is van enige belastingverpligtinge.

Graag gee ons BELANGRIKE INLIGTING RAKENDE DIE FEESMARK aan u deur:

1. Datum en waar:

22 Oktober – 6 November 2021
In die kerksaal van Lourensrivier Gemeente, op die hoek van Broadway en Da Gama straat, Strand. Dit is op die hoofroete na Gordonsbaai. Die gemeente beskik oor 'n ruim saalkompleks met 'n groot parkeerarea wat daaraan grens.

2. Besigheidsure:

Die Feesmark sal **weeksdae vanaf 09:00 tot 19:00** en **Saterdae vanaf 09:00 tot 16:00** oop wees.

3. Keuring: SLUITINGSDATUM, Saterdag, 29 Mei 2021

Ons uitstallers se gesondheid is vir ons baie belangrik.
Daarom, agv die moontlike 3de Covid 19 "vlaag", geskied **KEURING dmv 'n volledige stel FOTO'S VAN JOU PRODUKTE** - Net ingedagte hou – **hoe meer foto's, hoe makliker kan keuring gedoen word**. Sal dit asb. graag nie later dan 22 Mei 2021 wil ontvang.

Of ons 'n keuringsdag op 29 Mei sal kan hou, sal afhang van of die Regering ons die groenlig gaan gee om dit te kan doen.
Sal eers in Meimaand weet en sal dan uitstallers in kennis stel om deel te neem aan die Keuringsdag.

4. *Aansoekvorm en Inligtingsbrief:* ***moet deeglik deurgelees word*** *waarvolgens die uitstaller onderneem om by al die terme en voorwaardes te hou.*

- ***Die getekende aansoekvorm*** *met*
- ***'n volledige stel foto's van jou items en'n foto van jou Stalletjie,***
- *tesame met* ***Pryslys*** *(sien aangeheg) Excell "Spreadsheet", waar al jou inligting ingetik moet wees (Al gebruik jy jou eie barcodes).*

Moet ontvang word ***nie later dan 22 Mei 2021****.*

NB: Aansoek kan nie aanvaar word as vorm nie geteken is nie.

U kan dit: By **die kerkkantoor** inhandig (Maandag tot Vrydae 09:00 tot 13:00)
E-pos: lourensrivierfeesmark@gmail.com
Pos aan: NGK Lourensrivier-Strand, Lourensrivierfeesmark, Jenningsstraat 55, Strand, 7140

JY SAL IN JULIEMAAND IN KENNIS GESTEL WORD OF JOU AANSOEK SUKSESVOL WAS.

5. Registrasiegelde:

Vir die hele duur van die Feesmark (14 dae), beloop dit R550 per tafel (dws 2 tafels = R1100 en 'n ½ tafel = R300). (Sien soos op aansoekvorm). Dit is asb. betaalbaar voor of op **31 Augustus 2021.**
Om jou plek te verseker is dit die laaste dag vir betaling van u registrasiefooi, asook diensfooie.

Deposito's is nie terugbetaalbaar, indien jyself jou plek kanselleer nie.
Deposito's wel terugbetaalbaar weens onvoorsiene omstandighede voor die Mark begin, agv Covid 19 regulasies wat ons verbied om mark te hou. Die Feesmark is nie verantwoordelik vir verlies aan jou verwagte inkomste of skade wat daaruit mag spruit nie.

Ons bank besonderhede:
NGK Lourensrivier-Strand,
ABSA Bank Strand,
Tjek rek - Rek no: 420 580 231,
Takkode: 334312
Met verwysing ***"Fees" en u Faktuur nommer*** *of* ***naam en van*** *moet asb. met* inbetaling gebruik word!
. Stuur **Betalingsbewys per epos** asb. – lourensrivierfeesmark@gmail.com

6. Kommissie op alle verkope: **18% Kommissie van alle verkope** word aan die Kerk afgestaan. Merk dus jou artikels so dat die 18*% reeds ingesluit is*. Maak asseblief voorsiening vir diefstal en breekskade.

Artikels se **pryse mag nie verhoog of verminder word tydens die Feesmark nie** – ook nie na die keuringsdag nie.

Rond asseblief u verkoopsprys af tot die naaste R1

7. Toesig / Sekuriteit

Versoek aan u as uitstaller om vrywillig minstens **2 diensbeurte van 2 uur elk** gedurende die Feesmark te doen.
Uitstallers van duur juweliersware is persoonlik verantwoordelik vir toesig by hul uitstalling.
Diensbeurttye sal nog deurgegee word sodat jy 'n keuse kan maak watter dag en tyd jou pas om diens te doen.

Uitstallers wat nie diens kan doen nie kan vooraf **'n addisionele fooi van 2xR100 / diensbeurt betaal** (saam met jou registrasiefooi betaalbaar) sodat daar iemand in jul plek gereël kan word.
Daar sal **R150 / diensbeurt van 'n uitstaller, wat versuim om op te daag vir diens** (uit sy uitbetaling verhaal word).

Alle ekstra toesighouers is verantwoordelike persone wat na die beste van hulle vermoë jou belange op die hart sal dra.

8. Alle eetgoed moet die volgende bevat - verpligtend:

- Vervaldatum;
- Belangrike inligting rakende die berging van die produk, bv. Op 'n rak of in die koelkas (voor of na oopmaak;
- Volledige bestanddele van produk;
- **Produkte met onvolledige inligting / onvoldoende etiketering sal nie toegelaat word nie**.

9. Proeseltjie van produkte of souse:

Agv Covid omstandighede gaan daar ongelukkig nie nou al gesê kan word of daar 'n proeseltjie van produkte of souse by stalletjies toegelaat sal kan word vir mense om te proe nie.
Volgens uitstallersvan verlede jaar was stalletjie sonder proeseltjies nie juis 'n probleem tov verkope nie.

Uitstallers sal dan 'n ander manier moet vind om hul produk te bemark/adverteer by stalletjie**.** Plakkaat of iets dergliks?

10. Bevoegdheidssertifikaat:

Uitstallers met **"homemade" (eet- en drinkgoed) produkte** moet asb. in besit wees van 'n Bevoegdheidssertifikaat van die perseel waar hul produk voorbereid word, aan ons voorsien. Indien jy nie 'n sertifikaat het nie, skakel jou plaaslike Munisipale kantore vir inligting.

11. Pryse wat u gaan vra tydens die Feesmark:

Pryse moet voor op die Produk of Artikels aangebring wees om onnodige hantering van produkte en artikels uit te skakel.

12. Kontaknommer of besigheidskaartjies:

Geen kontaknommer of besigheidskaartjies mag op Produkte/Artikels aangebring of op tafel geplaas word nie. Na die mark gee ons met liefde inligting deur op navraag.

13. Bestelling van produkte:

Geen kliënte wat buite die mark bestellings geplaas het, mag dit by die mark kom afhaal nie, tensy die betaling deur ons betaalpunt gaan.

14. Barcodes/Prysetikette: Belangrik: Om alles vlot tydens Feesmark te laat verloop, verwys ons jou na die volgende:

*Geen a**nder markte se barcodes sal aanvaar word nie – net Lourensrivier Feesmark** op barcode/prysetikette.
Ons rekenaarsisteem (betaalpunt) kan nie ander markte se barcodes lees nie.

*Indien produkte 'n ander mark se barcodes het, sal R50 per item ongelukkig verhaal word om hierdie barcode foute reg te maak.

*Om probleme met onduidelik gedrukte barcodes (strepies), soos verlede jaar, uit te skakel, sal **Lourensrivier Feesmark graag gratis uitstallers se barcodes druk/voorsien.**
Ons sal jou dan laat weet wanneer dit gereed is en dan kan jy dit net self kom afhaal by kerkkantoor of jy kan reël om dit dmv 'n koerier te laat afhaal.

*Dit is baie belangrik dat **alle produkte se beskrywings (nie langer as 25 karakters nie) en prys** duidelik op **die Excel formaat pryslys** (aangeheg) **ingetik word** en **saam met aansoekvorm ge-epos word**.

***Uitstallers met eie barcodes/prysetikette moet dit self druk.** Stuur **'n paar barcodes** en **Excel Formaat Pryslys ingetik**, vroegtydig vir ons sodat dit ingevoer en getoets kan word.

***Neem asb. kennis: Geen syfer- 0** aan begin van 'n barcode.

***Moet nie onnodige te veel barcodes aan die begin van Mark laat druk nie.** *Uitstallers kan enige tyd weer gedurende die mark nog aanvra.*

***Klein artikels**: Elke artikel moet duidelik en op 'n gladde, plat oppervlak gemerk word sodat die skandeerder dit maklik kan lees.

*Indien dit 'n baie klein artikel is, sal ons jou aanraai om die artikel op 'n karton te plak of in 'n sakkie te sit en dan die barcode daarop te plak. **Items sonder prysetikette sal nie aanvaar word nie**.

15. Uitstalruimte (Tafels):

'n Tafel is min of meer so groot soos 'n kamerdeur, ongeveer 180cm x 70cm, maar die mates mag wissel (R550).
'**n Halwe tafel** is min of meer 90cm x 70cm (R300).
'n Groot staander of klererak (nie hoër dan180cm) vanaf vloer (R550).
'n Klein staander op tafel (nie hoër dan 90cm).

*Tafels is met **hessian tot op grond bedek. Gebruik jou eie tafeldoek bo-op tafel om dit te verfraai.**
Indien jy plante verkoop, moet jou tafel egter asb. **bo-op bedek wees met deurskynende plastiek.**

Ons sal so ver moontlik aan u versoeke (soos op aansoekvorm versoek) probeer voldoen.

16. Voorraad:

*__Voorraad aanvul vanaf soggens 08:00 tot 08:45__.
Self verantwoordelik om jou voorraad uit te pak en om 'n keurige uitstalling te skep.

*Tafel moet vol gepak word en genoeg voorraad moet gelos word sodat ons personeel jou tafel gereeld kan vol pak. Laat eerder te veel voorraad as te min.

*__Ekstra voorraad moet onder tafel gebêre word__. __Geen ongemerkte voorraad__ asb. onder jou tafel nie.

*Gebruik staandertjies en rakkies om hoogte en uitstalruimte op jou tafel te skep.

*Agterkant van hoogtes op jou tafel, (nie hoër dan 90cm nie) moet netjies wees ter wille van die uitstaller agter of langs jou.

***Alle items** deur ons **gekeur, moét uitgestal word**.
Geen items wat nie gekeur was nie, sal op tafels toegelaat word nie.
Tafels word gekontrolleer nadat uitstaller uitgepak het.

17. "Sanitizer":

Elke uitstaller is verantwoordelik om al hul stalletjie se **items self voor uitpak te "sanitize".**
Wees verseker, ons sal ook ons bes doen om verder dmv "sanitizing" ons mark en almal veilig te hou.

18. Uitpak:

Uitpaktye: Vra groot asb. julle samewerking: Moet **oor 2 dae in verskillende tydsgleuwe uitpak:**
Woensdag, 20 en Donderdag, 21 Oktober 2021.

Saam met jou **tafelnr, username en password** sal ons vir jou **die datum en tydsgleuf** stuur wanneer jy uitpak.

Jy is **self verantwoordelik om jou artikels uit te pak.** In gevalle waar die uitstaller nie self teenwoordig kan wees nie, moet reëlings self getref word. Indien die Mark dit moet doen, sal **'n fooi van R150 verhaal word van jou omset.**

Elke uitstaller en persoon wat vir jou help of instaan**,** moet asb. **'n plakker of kaartjie dra** met sy of haar **naam en uitstallerskode** vir identifisering.

Net jy en 'n tweede persoon word toegelaat om uit te pak (2 persone). Jammer – geen kinders word toegelaat.

Ons verantwoordelikheid ten opsigte van sekuriteit begin om 19:00.

19. Opruim:

Die Feesmark eindig Saterdag, 6 November 2021 om 16:00.
U moet (of die persoon met wie u gereël het) **om 16:00 in die kerk wees vir** die **amptelike afsluiting.**

Om 16:00 word die saal se deure toegemaak om die kliënte wat nog in die saal is kans te gee om klaar te maak.
U mag onder geen omstandighede begin opruim voor die amptelike afsluiting nie.

Die saal moet nog dieselfde middag ontruim word. U het **tyd tot 18:00** om u artikels op te pak.
Ondervinding uit die verlede noop ons **om 'n boete van 30% van u omset te verhaal indien u voor die afsluiting oppak**.
Dieselfde reël geld ook indien u tafel gedurende die mark **nie oor die voldoende voorraad beskik nie**.

Indien die Mark **jou stalletjie moet oppak**, sal **'n fooi van R150 verhaal word van jou omset.**

By voorbaat baie dankie vir u samewerking in dié verband. Die veiligheid en sekuriteit van ons uitstallers en hul uitstalware is vir ons baie belangrik.
Voorsorgmaatreëls ten opsigte van skade of verlies sal sover moontlik deur die reëlingskomitee getref word.

Lourensrivier Gemeente en die reëlingskomitee dra egter nie verantwoordelikheid vir enige skade of verlies wat gely word nie.

20 Sentrale Betaalpunt

Daar is 'n sentrale betaalpunt by die uitgang met 'n kontant en kredietkaartfasiliteite.

21. Betaling

U betaling sal voor of teen **30 November 2021** direk in u bankrekening inbetaal word.

Dit is dus BAIE BELANGRIK DAT U SAL SEKERMAAK DAT ONS U KORREKTE BANKBESONDERHEDE HET!

22. Reklame

Wye reklame word gedoen voor en tydens die Lourensrivier Feesmark, onder meer met plakkate, baniere, die plaaslike pers en oor die radio, Facebook en ons webwerf. Onthou om dit in gedagte te hou wanneer u voorraad beplanning vir die Feesmark doen!

Ons Feesmark kan alleenlik 'n sukses wees met jou deelname en ondersteuning. Ons sien uit om jou weer te sien of te ontmoet en vra jou voorbidding vir 'n geseënde Feesmark 2021.

Mooi loop en bly veilig.

Vriendelike Feesmarkgroete..

Annalie Möller
Nms LOURENSRIVIER-FEESMARKKOMITEE
072 269 6592